# HEBREËRS 11

## TEMA: Waarmee is die Liggaam besig?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 11: 1- 40**

**Heb 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**

**Heb 11:2 Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.**

**Heb 11:3 Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.**

**Heb 11:4 Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.**

**Heb 11:5 Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.**

**Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**

**Heb 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.**

**Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.**

**Heb 11:9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.**

**Heb 11:10 Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.**

**Heb 11:11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.**

**Heb 11:12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.**

**Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.**

**Heb 11:14 Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek.**

-o0o-

**Heb 11:15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.**

**Heb 11:16 Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.**

**Heb 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,**

**Heb 11:18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;**

**Heb 11:19 daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.**

**Heb 11:20 Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.**

**Heb 11:21 Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.**

**Heb 11:22 Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.**

**Heb 11:23 Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.**

**Heb 11:24 Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word,**

**Heb 11:25 omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê,**

**Heb 11:26 en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.**

**Heb 11:27 Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.**

**Heb 11:28 Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.**

**Heb 11:29 Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.**

**Heb 11:30 Deur die geloof het die mure van Jérigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.**

**Heb 11:31 Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.**

**Heb 11:32 En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,**

**Heb 11:33 wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,**

**Heb 11:34 die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.**

**Heb 11:35 Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry.**

**Heb 11:36 Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en**

-o0o-

**gevangenis.**

**Heb 11:37  Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel—**

**Heb 11:38  die wêreld was hulle nie werd nie—hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.**

**Heb 11:39  En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,**

**Heb 11:40  omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.**

-o0o-

# AGTERGROND

## Die Ware Evangelie

Dit is Bybels dat daar gesagsfigure as geestelike ouers oor elke geestelike huis aangestel word, om lering te bring in die liggaam van Christus. Sommige wat aan geestelike huise behoort, wil hulself nie onderwerp aan die gesag, tug en vermaning van die geestelike ouers nie, want hulle voel seergemaak deur die waarheid en verlaat dan die groepe of huise. Dit is nie altyd maklik om die ware evangelie te verkondig en te hoor nie, maar dit is die pad wat ons moet stap as ons in die weë van die Here wil wandel. Die waarheid maak vry.

**Johannes 8:32** En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.

**1 Petrus 5:2**  Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

## Wat Wil Die Mense Regtig Hoor?

Is dit nie ‘n kwessie waarvan die Bybel praat oor hierdie streel van die ore (tickling ears) nie?

**2 Timótheüs 4:3**  want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

**2 Timótheüs 4:**4  en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Hierdie tipe godsdienstige evangelie waar ons onsself regverdig soos dit ons pas, word **selfregverdiging** genoem. Dit is teleurstellend dat sommige hulself voordoen as kinders van die Here, met die Bybel onder die arm loop, maar hul ware kleure kom in die openbaar na vore. ‘n Mens kan net bid en vertrou dat die Here hulle lewens sal aanraak.

Diegene wat **wil**, sal verder gaan en diegene wat die Here **soek**, sal Hom vind. Laat ons aanhou om te bid vir diegene wat nog in hierdie pamperlang godsdiens vasgevang is.

Dit is ‘n harde evangelie en ‘n harde pad, want ons is teen Satan homself in ‘n oorlog gewikkel.

**Matthéüs 24:13** Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word

-o0o-

**<u>Die Infiltrasie Van Satanisme In Kerke</u>**.

Die duistere werke van sataniste is blywend aktief. <u>Hulle is deeglik ingelig oor alles wat Christene doen</u>, die leierskap van die kerke en wat in gemeentes aangaan. Ons kan nie meer kanse waag en dink ons is veilig nie. Die sataniste vertel self hoe hulle kerke infiltreer en beheer neem, juis omrede die kerke nie meer die instruksies van die Here nakom nie. Daarom is daar geen beskerming en outoriteit teen die bose nie en kan die bose doen wat hulle wil.

'n Satanis het vertel hoe eenvoudig dit is om kerke te infiltreer, sonder dat Christene dit kan identifiseer, omrede daar alreeds so baie van hulle in die kerke is. Dit maak mens bang. Dit is regtig skrikwekkend **hoe aan die slaap** die Christendom is.

**<u>Vrymesselaar Begrafnis</u>**

Lank gelede het ek 'n begrafnis by die gemeente waar ons destyds aanbid het, bygewoon. Ek het destyds oor min kennis rakende Vrymesselary beskik. Toe die pastoor die begrafnisbrief oop maak, was daar 'n bokkop prent op die agterkant van die brief gedruk. Ek dank die Here dat die pastoor 'n man van God was. Hy het dadelik die diens gestaak en die familie ingelig dat hy weier om die persoon verder te begrawe, tensy hulle 'n ander begrafnisbrief gaan druk. Die pastoor het egter die hele diens verander as gevolg van daardie embleem op die begrafnisbrief.

**<u>Vrae Aan Die Christendom</u>**

- Is die kerk van Christus Jesus regtig op die plek waar sy moet wees?
- Is sy regtig in die Verbond?
- Is sy regtig werd om weggeraap te word?
- Is sy 'n rein, heilige en 'n skoon bruid?

***Belangrik**:* Die Vader gaan **<u>nie</u>** vir Sy Seun 'n tweedehandse hoer gee nie; Hy soek 'n rein, <u>skoon en heilige bruid.</u>

**<u>Hoe Lyk Die Kerk Daar Buite?</u>**

Daar is 'n prediker wat voorgee dat hy 'n man van God is, selfs berading doen, maar nogtans by bedrog betrokke is. Dit waarmee hy besig is, het aan die lig gekom en mense het kommentaar gelewer. Hy het hul op sosiale media vervloek. Dit is manne wat voorgee dat hulle die werk van die Here doen. Dit is hartseer om sulke dinge te hoor.

'n Jong man vertel dat hy eers R850 vir 'n afspraak moes betaal alvorens hy die berader kon sien. Die seun het twaalf tot vyftien bloed verbonde gehad en die berader kon nie eens 'n demoon in hom identifiseer nie.

Die jong man vertel toe hy die berader verlaat, het hy in sy gedagtes gehoor een van die demoniese leiers (principalties) sê vir hom dat die berader kon die demone nie uitkry nie, omdat hy geld vra.

**<u>Waarmee Is Die Liggaam Van Christus Besig?</u>**

Diegene wat sê: ''Here Here'', is hulle regtig besig met die dinge van die Here of besig om hulle self te verryk?

-o0o-

Die gawes is daar tot opbouing van die liggaam en nie om onsself te verryk nie. Dit is waarom Christus hierdie tipe insidente op ons weg bring, om ons bewus te maak van hoe ver weg die liggaam van die plek is, wat hulle veronderstel is om te okkupeer.

Hoeveel geestelike leiers word regtig nog deur die Heilige Gees gelei? Hoeveel van hulle bid nog vir ‘n boodskap om die liggaam van Christus te stig? Die norm by sommige pastore deesdae is om boodskappe van die internet af te laai, en dit soos ‘n papegaai op te sê, want die internet het die god geword (afgodery). Alles word van die internet afgelaai en moet dan voldoende wees, soos ‘n kitsoplossing (quickfix). Die liggaam van Christus het geen verhouding meer met die Heilige Gees nie. God duld nie sulke dinge nie en sal van diegene wat dit doen wyk, want hulle bedroef die Heilige Gees.

Dit is Noodsaaklik:
- Om die raamwerk van die lesings wat uitgaan te verstaan,
- Self verder te gaan delf in die Woord,
- Self met die Here te praat oor hierdie Verbond,
- Die plekke wat jy moet okkupeer sodat jy tot aanvulling sal kom.

-o0o-

## OORDENKING

**Hebreërs 11:1 Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**
**Hebreërs 11:2 Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang.**

### Wat Beteken Vaste Vertroue?

- Dit is ‘n anker, ‘n fondasie, iets waaraan ons kan vashou.
- Dit is ‘n seker wete waarop ons kan staatmaak.
- Dit is ‘n vaste anker vir dit wat voorlê, vir die dinge waarop ons hoop.
- Dit is ‘n bewys van dit wat ons nog nie sien nie, maar weet dat ons weet.
- Dit is asof jy ver vooruit kan sien, en jouself met ‘n tou nader aan daardie visie/mylpaal trek. Dit kan jy slegs doen as God dit vir jou gee, en nie vlees nie.
- Geloof is net in God alleen, geloof in enigiets anders is vals.
- Hy is die Almagtige, Hy is ‘n werklikheid, Hy is die ewigheid, Hy is God.

### Getuienis Ontvang

- Deurdat die mense van die ou tyd vasgehou het aan daardie anker/visie/tou en geglo, gehoop en vertrou het, het dit vir hulle ‘n getuienis geword.
- Hierdie mylpaal kan nie sonder geloof bereik word nie.
- ‘n Getuienis kan nie ontvang word sonder ‘n mylpaal nie.

**Hebreërs 11:3 Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.**

**Amplified Bible:** By **faith** [that is, with an inherent trust and enduring confidence in the power, wisdom and goodness of God]

-o0o-

**ABEL**

**Hebreërs 11:4 Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.**

Abel het getuienis ontvang dat hy 'n beter offer as Kain gebring het, en God het hom geseën, met die gevolg dat Abel tot vandag toe nog daarvan spreek. In die Woord van God kan God hom gebruik as 'n getuienis dat hy regverdig was.

**HENOG** het God behaag omdat hy geloof in God gehad het.

**Hebreërs 11:5 Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.**

**Hebreërs 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**

Die Here het vir ons 'n doelwit daar gestel. Indien ons doen wat Hy sê, Hom eer, glo, aan Hom vashou, Hom vertrou, dan sal ons die ewigheidsloon ontvang wat aan daardie opdrag/doelwit gekoppel is. God is nie 'n leuenaar nie. Hy sal ons op die regte tyd beloon, as ons Sy wil vervul en Sy verbond hou.

**NOAG**

**Hebreërs 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.**

God gee Noag opdrag om 'n ark te bou omdat Hy op die aarde gaan laat reën. Hulle het nog nooit reën gesien nie, en hier sê God 'Ek gaan hierdie aarde verdelg met reën'.

*Génesis 6:14 Maak vir jou 'n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk.*

*Génesis 6:17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe.*

- Noag het nie gesê 'Here maar dit het nog nooit gebeur nie, hoe kan dit nou gebeur?'
- Hy het God onvoorwaardelik geglo. Ons moet in gedagte hou dat hy vir 120 jaar aan daardie ark gebou het. Hy het nie ondersteuning gehad nie, eerder bespotting. 'n Mens kan jou voorstel hoe hy bespot was. *'Waar is die reën waarvan jy praat? Jy bou die ding verniet' ensovoorts.*
- Dit het nog nooit gereën nie. Noag het geen idee hoe reën lyk nie, nogtans het hy geglo dat God sal doen wat Hy sê, want Hy is 'n waarmaker van Sy Woord.
- Die wêreld se omstandighede en die druk, het nie Noag se geloof in God laat wankel nie. Niks het sy

-o0o-

oë afgehaal van die opdrag wat God hom gegee het nie. Die Here het nie gesê wanneer Hy dit gaan doen nie, en vir 120 jaar lank bou Noag hierdie ark. Ons word nie eens meer so oud nie.

**Vraag**:

- Hoeveel jare hou ons vas aan 'n belofte wat God ons gegee het?
- Hoeveel jare volg ons nog die Here omdat Hy vir my woord gegee het?
- Staan ek nog op die Woord vir my kinders, my familie, my land?
- Dit was verbasend om te hoor dat die eks-satanis sê: *'dieselfde Hand wat vir Noag-hulle in die ark ingevat het, was dieselfde Hand wat die deur gesluit het'*. Sy liefde is net so 'n realiteit soos Sy wraak.

**ABRAHAM en SARA**

**Hebreërs 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.**

**Hebreërs 11:9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.**

*Génesis 12:1 En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.*

*Génesis en 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.*

*Génesis 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.*

God gee Abraham opdrag om weg te trek uit die land van die Galdeërs, na die land wat God hom sou wys.

- Hy het nog nooit in daardie rigting gegaan nie, en hy het nie geweet wat voor lê nie.
- Sou hy beter of slegter daaraan toe wees?
- Wat gaan hy doen as daar vyande op die pad is?
- Niks het hom egter weerhou van die opdrag wat God hom gegee het nie. Hy het geweet God is 'n beloner van gehoorsaamheid.
- In geloof het hy weggetrek na 'n vreemde land met alles wat hy gehad het, en niks agter gelaat vir sekuriteit in geval die Here se plan sou faal nie.

**Hebreërs 11:10 Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.**

- Abraham het nie die fisiese gesien nie, maar hy het duisende jare in die toekoms ingesien, selfs dit wat nog vir my en jou voorlê.
- Daardie stad met die 12 fondamente wat hy gesien het, word in Openbaring beskryf.

*Openbaring 21:14 En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.*

-o0o-

- Hierdie stad is die nuwe Jerusalem, die bruid van Christus Jesus, ek en jy. Die oprigter van hierdie stad is die Heilige Gees.

  *Openbaring 21:9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.*

  *Openbaring 21:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;*

Dit is hierdie stad wat Abraham al daardie jare in die geloof gesien het:

Dit is liggaam van Christus Jesus, ons, Sy bruid, Sy 3de tempel, Sy ware kerk, diegene wat in Sy dood gedoop is. Jesus het daarna verwys in *Johannes 2:19 Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.*

*Johannes 2:20 En die Jode sê: Ses en veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?*

*Johannes 2:21 Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.*

- Ons is nou in die 3de dag.
- God het gesê dat uit hom moet die nageslagte geseën wees, daarom kon God hom nie in die land van die Galdeërs hou nie. Dit is asof God vir hom gesê het: *'jy moet My vertrou want dit is jou vertroue wat daartoe gaan lei dat hierdie stad eendag gebou gaan word. Dit is jou geloof wat tot gevolg gaan hê dat die Messias eendag 'n bruid sal hê'*
- Abraham het God geglo en weggetrek. Hy het geweet hy is net 'n middel tot 'n doel.

**Hebreërs 11:11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.**

- Sara het aanvanklik gelag omdat sy na die toestand van haar liggaam gekyk het.
- Toe sy egter besef wat aangaan, het sy geweet hierdie God kan nie lieg nie.
- Sy het geweet God kan selfs uit die dooie liggaam lewe verwek, en dit sodat sy kan weet dat hierdie seun wat sy gaan baar, die seun van die belofte is.
- Nie 'n seun wat uit haar uit kom nie, maar uit God. En hierdie seun was 'n heenwysing na Christus Jesus.

**Hebreërs 11:12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.**

**Hebreërs 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.**

In die geloof het hulle gesterwe sonder om die beloftes te verkry.
Watter beloftes het hulle nie verkry nie?

➢ Wanneer God aan jou 'n belofte maak het dit nie te doen met die tydelike nie. Dit het alles te doen

-o0o-

met die ewigheidsbelofte, want gehoorsaamheid aan God bring seëninge. God gaan vir ons sorg op aarde, en alles voorsien wat ons hier nodig het om Sy wil te doen.

Maar ons beloftes vir die loon van die geloof lê in die ewigheid. Die Vader wil jou so 'n groot eer gee dat Hy nie vir jou iets tydelik kan gee nie. Hy wil vir jou 'n ewigheidsloon gee. Daarom het hierdie geloofshelde **nie** hierdie beloftes van die geloof hier op aarde ontvang nie; hulle sal dit eendag in die ewigheid ontvang. Hulle oë was nie gevestig op wat nou hier gaan gebeur nie, maar op die ewigheid.

**Hebreërs 11:14 Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek.**

Watter dinge sê?

Hulle het bely ***dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.***

Hulle soek die land Kanaän anderkant die doodsjordaan.

**Hebreërs 11:15 En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer.**

**Hebreërs 11:16 Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.**

Dit is die stad van God, die nuwe Jerusalem, wat God vir hulle berei. Ons is in hierdie wêreld en God het beplan dat ons 'n ewigheidsloon moet kry. Jesus Christus, die Seun van God, het vir elke persoon op hierdie aarde gesterf *sodat ons gered kan word, tot vervulling van die Verbond. Soos in 'n huwelik waar die man sy deel gee en die vrou haar deel, verlang Hy dat ons ook ons deel in die Verbond moet gee.*

**Joodse Tradisie**

Geen vrou het die reg om in die man se huis te gaan en meubels rond te skuif, en sy naam aan haar te koppel voor hul eenwording nie. In die Joodse tradisie word die huwelik eers die volgende oggend deur die vader wettig verklaar as gevolg van die bloed op die laken. Dan eers het die bruid die reg om die naam van die bruidegom aan te neem.

**Die Bruid**

Eers wanneer die bruid van Christus weggeraap word, word die huwelik wettig verklaar. Alleen dan het die bruid die reg om die naam van die bruidegom aan te neem en te sê ek is nou "Mevrou Jesus". Ons is reeds in 'n verbond maar die huwelik moet nog wettig verklaar word.

Hier op aarde het ons die reg om Sy Naam te gebruik, maar dáár sal ons die Verbond vervul. Ons is die vervulling van die verbond en ons erfporsie is nie net 'n huis nie, maar dit is die stad van God. Wie weet hoe lyk dit regtig! Ek dink die Almagtige Skepper het Sy wese, die beste van Sy prag daarin gesit. Geen mense mond kan dit beskryf nie. Kyk net na die grootte van hierdie stad. 1500 myl x 1500 myl x 1500 myl. Openbaring 21 skets 'n prentjie van hierdie stad.

(Wikipedia: The New Jerusalem of Revelation 21 is **2225 km** in length, width, and height. A city of these gigantic proportions cannot be located on Earth; but, as stated in Rev. 21, A New Heaven and a New Earth, the city comes "down out of Heaven from God").

Ons het geen idee waarmee is ons besig nie, en dit is hartseer dat mense nie wil hoor van hierdie evangelie, van hierdie Verbond nie, want hulle is nog so tevrede met dit wat hulle op hierdie aarde het. Mense beroof

-o0o-

hulle só van die ewige heerlikheid van God! Die duiwel kry dit egter reg om kinders van God te beroof van hulle ewige heerlikheid, hulle ewige erfporsie en hulle besef dit nie, want hulle is so gefokus op die materiële.

**Hebreërs 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,**

**Hebreërs 11:18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek;**
**Hebreërs 11:19 daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.**

Dit gebeur dat God aan jou 'n belofte maak waarin Hy noem wat die resultaat gaan wees indien jy doen wat Hy vra.

Ek kan hiervan getuig. Die Here het vir ons groot beloftes gegee waaraan ons kon vashou. In 2015, in Jerusalem, het die Here my gevra: *'is jy bereid om jou Isak vir MY te offer?'*

Dit wat daardie dag gebeur het was vir my 'n verskriklike ervaring. Ek gaan dit nie hier verduidelik nie; ek weet egter wat dit is as die beloftes van God vir jou tot vervulling gekom het, jou Isak gebore is, en die Almagtige vra om jou Isak vir Hom te offer. Die persoon wat nog nie hierdeur is nie, het geen idee waarvan ek praat nie. Al wat jy op daardie stadium kan doen is, om in God te glo. As jy nie geloof in die Almagtige het nie gaan jy net daar faal, want jy het niks om aan vas te hou nie. Dieselfde het met Abraham gebeur, al waaraan kon hy vashou was om te sê God sal voorsien.

In 2007 moes ek en my vrou alles verkoop, en die Here volg. In die 3 jaar termyn tot 2009 het die Here alles van ons gevra, en ons moes dit gee. Daar was baie vrae, en al wat ek kon doen was om te sê 'God sal voorsien'. Ek kan getuig tot vandag toe voorsien die Here vir ons.

## ISAK, JAKOB, JOSEF

**Hebreërs 11:20 Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.**

**Hebreërs 11:21 Deur die geloof het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.**

Hierdie is baie merkwaardig: dit spreek van die verhouding wat Jakob met God gehad het. Nadat hy die seuns van Josef geseën het, het hy nog steeds op God geleun. Hy het geweet uit homself kan hy dit nie doen nie. Kort vóór hy gesterf het, het hy nog op die Here vertrou om hom die ewigheid in te neem.

**Hebreërs 11:22 Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente.**

Génesis 50:25 En Josef het die seuns van Israel laat sweer en gesê: As God sekerlik op julle ag sal gee—bring dan my gebeente hiervandaan op**.**

Josef het vas geglo dat die kinders van Israel eendag uit Egipte sal wegtrek, en opdrag gegee dat sy beendere saam geneem moes word. Dit spreek van 'n groot geloof, om te glo na 400 jaar in Egipte, sal hulle daar wegtrek.

-o0o-

**MOSES**

**Hebreërs 11:23 Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie.**

Wanneer jy op God vertrou kan niks in die wêreld wat oor jou pad kom, die beloftes van God tot niet maak nie. Moses se ouers het nie die koning gevrees nie. Gehoorsaam aan God se opdrag het hulle die seuntjie weggesteek want hulle het geglo dat God ‘n roeping op Moses het. Hulle het nie satan se planne gevrees nie.

As ek bely dat ek die Here vrees, sal ek Hom gehoorsaam. Die besef sal daar wees dat as ek my God wil behaag, is geloof in Hom ‘n vereiste. Dan sal die planne van satan my nie affekteer nie, want met my God loop ek ‘n bende storm en met my God spring ek oor ‘n muur.

Psalm 18:30 Want met U loop ek ‘n bende storm, en met my God spring ek oor ‘n muur. Daar sal nie ‘n haar van my hoof val as dit nie die wil van God is nie, en as iets met my moet gebeur sal alles ten goede meewerk.

Romeine 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

- Vrees ons die Ewige Koning of vrees ons die aardse koning?
- Watter koning het die grootste impak op ons lewens?

**Hebreërs 11:24 Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word,**

**Hebreërs 11:25 omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om ‘n tyd lank die genot van die sonde te hê,**

Farao bied vir Moses die gunstigste posisie aan, naamlik om die seun van Farao se dogter genoem te word. ‘n Posisie waarna seker elke persoon in Egipte gesmag het, posisie van eer, status, roem, in die paleis opgroei. Moses het geweier om die eer van Satan te ontvang. Hy het geweier om deel te hê aan die genot van hierdie wêreld. Alles wat Satan op sy pad gegooi het, het hy geminag, net omdat hy geloof in God gehad het en op God vertrou het.

Die Christendom is onder baie druk vandag. Baie ly onder beledigings ter wille van die evangelie, en kry swaar. Wil ons vir ‘n kort tydjie onderdruk word saam met die volk van God of wil ons die genot van sonde hê?

**Hebreërs 11:26 en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.**

Na watter beloning het hy uitgesien? Dit is die ewigheidsloon.

**Hebreërs 11:27 Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.**

-o0o-

Hy het sy oog gehad op die onsienlike dinge wat nog moes kom, en die Een wat nog moes kom. Christus Jesus wat ‘n nuwe verbond sou maak, en hy sou deel wees van hierdie nuwe verbond, want hy het die Christus verwag.

**Hebreërs 11:28 Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.**
**Hebreërs 11:29 Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het.**

‘n Mens kan hierdie gebeure nie namaak nie. Dit is weer vir ons ‘n teken dat as jy nie in die Verbond is, soos Moses en die volk was, is daar oordeel (judgment) op jou. Daar is baie mense wat onder druk en deur emosies gelei, deur die doop gaan, want deur die Rooi See gaan is ‘n teken van die doop. Daar is mense wat die doop gebruik vir ‘n ander betekenis as wat dit werklik is. Ek is bewus van persone wat hulle laat doop het net om ‘n betrekking te kry, want die bestuurder is op die kerkraad. Jy kan nie die doop gebruik vir enige ander heenwysing as dit wat in die Verbond opgeteken is nie.

**RAGAB**

**Hebreërs 11:30 Deur die geloof het die mure van Jérigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.**

Wat is die mure van Jérigo? Ons sien dit in Rut waar Boas vir die maaiers sê *’Rut mag tussen hulle are optel’.*

Rut 2:15 Toe sy weer opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: Sy mag ook tussen die gerwe optel, en julle mag haar nie beledig nie.

Rut 2:16 En julle moet ook so nou en dan vir haar uit die bondels uittrek en dit laat lê, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.

Die mure van Jérigo is die gebondenheid van die godsdienstige sisteem. Dit is hulle wat nie in ‘n verhouding staan nie maar in godsdienstige sisteme vasgevang is.

Wie het die bloedlyn?

- Rut was die Moabitiese, ‘n onrein vrou afkomstig uit ‘n onrein land.
- Ragab was die hoer. Maar Ragab het die bloedlyn gehad, sy het die tou uitgegooi.

Met ander woorde, dit is die onreine, en dit is waarom die bruid van Christus uit die heidense nasies kom. Ragab het geen bloed gehad wat sy kon gee nie. In die huwelik wanneer die vrou se maagdevlies breek, verseël haar maagdevlies die verbond. Daarom het dit die bruidegom se bloed gekos om die onreine, rein te maak. Ragab was ‘n hoer, Rut was die Moabitiese. Maar hulle altwee het die reg gehad. Ragab het die tou, die bloedlyn in haar hande gehad, nie omdat sy goed was nie maar omdat sy vasgehou het aan die belofte.

Die spioene het vir Ragab belowe dat as sy die rooi tou uitgooi, sy en haar familie veilig sal wees. Ragab het besef sy het geen ander kans op oorlewing gehad as om net vas te hou aan hierdie rooi tou - die verbond nie.

-o0o-

Ons het vandag niks anders waaraan ons kan vashou nie as die rooi lyn, die bloedlyn van Christus Jesus. Ons kan nie vashou aan status, werke, rykdom op aarde, ons roem, ons eer, want dit sal alles tot niet gaan. Hoe anders gaan ons dit maak behalwe in die nuwe verbond? Die ou verbond het tot niet gegaan, dit kon nie werk nie. Dit het Christus Jesus gekos om aarde toe te kom, om die vloek te word sodat Hy die vloek kon breek, en ons vry kan wees van die wet, vry wees van oordeel, vry wees van die vloek. Ons kan op niks anders hoop as net op hierdie nuwe verbond.

**Hebreërs 11:31 Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.**

Die spioene is 'n tipe van die Heilige Gees. Sy het hulle in vrede ontvang. Dit is hulle wat die land inspekteer en die land kom voorberei.

## ANDER GELOOFSHELDE

**Hebreërs 11:32 En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,**

**Hebreërs 11:33 wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,**

**Hebreërs 11:34 die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.**

**Hebreërs 11:35 Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry.**

**Hebreërs 11:36 Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.**

**Hebreërs 11:37 Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel—**

**Hebreërs 11:38 die wêreld was hulle nie werd nie—hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.**

**Hebreërs 11:39 En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,**

**Hebreërs 11:40 omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.**

Hierdie manne en vroue van die voortyd, het verskriklike dinge deurgemaak, en deur die geloof getuienis ontvang, maar tog nie die belofte verkry nie.

Wat is hierdie belofte? *Omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.* Belangrik: ek en jy is die vervulling van die Skrifte, van die nuwe Verbond wat net vir Sy bruid daar is. Al die ewigheidsbeloftes is in die baarmoeder van die bruid verborge. Die ou dinge het nie gewerk nie. Alles was net boustene vir iets in die toekoms, en daarom lê daardie beloftes wat hulle gekry het in die baarmoeder van die bruid. Want dis net 'n bruid wat kan voortbring. Ek en jy is die vervulling van die Skrifte. Almal waarvan ons nou gelees het wag op 'n beter verbond.

-o0o-

Wanneer 'n man met 'n vrou trou dan belowe hy haar sy volkome liefde, belowe hy haar eintlik 'n kind want 'n kind is die hoogtepunt van die liefdesdaad.

**Vervulling van die Skrifte**

Die vervulling van die beloftes is in die liefde tussen bruidegom en bruid. Die nuwe Verbond is tussen bruidegom en bruid. Dit is wat Christus in ons geïmplementeer het, Sy liefde.

Ons is die vervulling van die Skrifte:

- Ek en jy as die bruid,
- as die liggaam van Christus,
- as die 3de tempel wat in hierdie dae opgewek word,
- ons is die stad van God,
- ons is Sy gemeente,
- ons is die wat in Sy dood gedoop is,
- ons is die wat in die nuwe verbond staan.

Ons moet in en deur hierdie nuwe verbond, die beloftes vir almal wat op hierdie belofte wag, voortbring.

Hulle kan nie hulle beloftes verkry as ek en jy dit nie baar nie.

- Dit is in die baarmoeder van die bruid verborge.
- Sy moet die eiersel gee sodat die saad van die bruidegom, daardie bloed wat hy het, dit kan bevrug.
- Sodat die beloftes wat God vir hulle gegee het, waaraan al hierdie mense vanaf Abel, deur al die millenniums heen, aan vashou en glo dat God is 'n waarmaker van Sy Woord, en glo dat op die regte tyd, in die ewigheid sal Hy hulle beloon vir hulle gehoorsaamheid om die evangelie te kon dra, tot vervulling kan kom.

Hulle moet beloon word en hierdie loon lê in die baarmoeder van die bruid. Die vrou het 'n geweldige groot rol om te speel in die huishouding. Die bruid van Christus Jesus wat in Sy dood gedoop is, hulle wat die Heilige Gees in hulle het, hulle wat dan die 3de persoonlikheid van die Godheid gaan vervul, gaan 'n geweldige groot rol speel in die ewigheid want dit is hulle wat die beloftes moet voortbring.

Ons kan nie langer met die Here en Sy verbond speel nie. Ons moet vinnig in plek kom, anders gaan ons dit nie maak nie. Alle beloftes is in die baarmoeder van die bruid verborge. Die bruidegom kan saad gee maar hy kan nie baar nie. Dit is hoekom ons die plek moet vul wat God wil hê ons moet vul. Ons kan nie ons eie evangelie skryf nie, en niks moet ons weghou van hierdie ontsaglike roeping op ons lewens nie. Vriendskap met die wêreld is vyandskap met God.

Daar is 'n nuwe Verbond geskryf en ons moet in daardie Verbond kom.

Hoe vreeslik moet dit wees om nie eendag deel te kan wees nie.
God het beplan jy moet deel wees!

Onthou nie almal is bruid nie. Baie is geroep maar min is uitverkies.
Eliëser kom by die put, baie diensmeisies, maagde, maar dit is net Rebekka wat kwalifiseer. (Génesis 24)
Dit is sy wat in diens staan van die Heilige Gees. Sy wat die verbond (covenant) vervul.

-o0o-